

HOOFTUK I

Inleidende Agtergrond

Vanaf 1902 tot 1906 het ongeveer 550 tot 600 Afrikaners Suid-Afrika verlaat om hulle in die provinsie Chubut, in die suide van Argentinië te vestig (De Bruyn, 1974, p. 1). By Comodoro Rivadavia, die suidelikste hawedorpie van die provinsie het hierdie emigrante voet aan wal gesit (Ibid., p. 10). Die dorpie sou in die jare wat kom vir hulle 'n belangrike kerklike en opvoedkundige sentrum word.

Waar hierdie landsverhuisers in Suid-Afrika, op 'n paar uitsonderings na, almal belydende en dooplidmate van verskillende Nederduits Gereformeerde en Gereformeerde Kerke was (Ibid., p. 40, 87), ontstaan die vraag of die kerklike verdeeldheid onder hulle in Argentinië voort gesit sou word. Sou die verskille tussen die twee genoemde kerklike institute hier in die vreemde dalk bygelê word en tot een kerkformasie gekom het? Dit is vrae waarop alleen die geskiedenis van die kerk onder hierdie mense 'n antwoord op kan gee.

Die wenslikheid en belangrikheid van eensgesindheid op godsdienstige gebied is van die begin af dan ook baie sterk aangevoel (Ibid., p. 88).

Seer seker sou daar dan ook gepoog word om onenigheid en verdeeldheid op die gebied hier uit te skakel.

Die eerste georganiseerde trek wat uit 102 persone bestaan het, en op 3 September 1903 Suid-Afrika verlaat het, het reeds kerklik georganiseerd, op 9 Oktober 1903 in Argentinië aangekom (Ibid., p. 9, 23, 40). Hierdie persone, wat almal lidmate van verskeie Nederduits Gereformeerde gemeentes in Suid-Afrika was (Ibid., p. 41), is deur ds. L.P. Vorster op 13 September 1903 in 'n gemeente georganiseer (Ibid., p. 41-43).*

Die stigting van die gemeente was nie alleen daarin uniek dat 'n Gereformeerde predikant sonder opdrag van die Nederduits Gereformeerde Kerk (Ibid., p. 41 en 49), 'n gemeente gestig het met mense wat almal volgens die kerkbegrip

* Ds. L.P. Vorster was destyds predikant van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp en het met die trek saam gegaan om onder andere verdere kolonisasieoontlikhede te ondersoek (Ibid., p. 40), maar ook om as evangeliebedienaar in die geestelike belang van die landsverhuisers te voorsien.

van die destydse Nederduits Gereformeerde Kerk (Sien Art. 4 van die destydse Kerkwet) nog lidmate van die Kerk was nie, maar dit is ook die enigste gemeente in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis bekend wat op 'n skip gestig is (Notule 13 Sept. 1903).

Die vraag kan inderdaad gevra word, wat ds. Vorster hiertoe beweeg het? By die oordenking van hierdie mense se kerklike situasie in die vreemde het hy geredeneer dat dit uiters nadelig vir hulle geestelike en maatskaplike welsyn sou wees om hulle sonder „*eenige Kerklike organisasie*” in Argentinië agter te laat (De Bruyn, 1974, p. 41). Die feit dat 'n groot aantal huisgesinne op die skip bymekaar was en dit miskien later, as hulle eers in Argentinië is, baie moeilik sal wees om hulle almal weer bymekaar te kry, het hom na oorlegpleging met die voormanne van die trek, laat besluit dat dit die gewenste tyd is om tot gemeentestigting oor te gaan. Diegene wat reeds in Chubut is kan hulle dan by die gemeente aansluit en sake kon dan later meer definitief gereël word (Ibid., p. 41).

Ds. Vorster se gedagtes was dat die gemeente vir eers „*sonder enige kerklike verband*” moet bestaan om dan later „*verband te soeken met de Nederduitsch Gereformeerde of eenige ander Kerkgenootschap*” (Ibid., p. 42), of soos hy elders geskryf het, „*na tijd en omstandighede met een of ander Protestantse Kerk in verband kan tree*” (Ibid., p. 42). Kort na sy terugkoms in Suid-Afrika het ds. Vorster verneem dat daar ook 'n „*Holl. Chr. Gereformeerde gemeente*” (Ibid., p. 36) in Buenos Aires, die hoofstad van Argentinië, bestaan. Hy het dadelik alle pogings in die werk gestel om met die gemeente in kontak te probeer kom (Ibid., p. 36). Hy sou graag wou sien „*dat de Holl. Chr. Gereformeerde gemeente van Buenos Aires in kennis en mogelijk ook in nouwer verband kome met de Holl. Geref. gemeente van Chubut*”, wat deur hom gestig is (Ibid., p. 36). In 'n brief aan 'n sekere ds. Keizer in die V.S.A. het ds. Vorster die mening uitgespreek dat indien daar 'n Gereformeerde predikant in Buenos Aires is of kom, hy sonder veel moeite die gemeente in Chubut ook kan bedien. As daar egter nie 'n predikant in Buenos Aires is nie, het hy die vraag aan „*de Holl. Chr. Geref. Kerken van Noord-Amerika*” via ds. Keizer gestel, of dit nie hulle roeping is om 'n predikant uit te stuur na die „*Holl. Geref. Kerken van Buenos Aires en Chubut*” nie (Ibid., p. 36).

Ds. Vorster was dus baie duidelik van mening dat al die Afrikaners in Argentinië in een kerklike instituut georganiseer behoort te word en dat die kerklike verdeeldheid soos dit onder die Afrikaners in Suid-Afrika bestaan het, nie na Chubut oorgeplant moes word nie. Hoe daar ook al gepoog is om die stigting van die gemeente deur ds. Vorster verdag te maak, as sou dit 'n onbedag-

same en mislukte poging wees om die Gereformeerde en Nederduits Gereformeerde elemente te verenig, of dit te sien as 'n bemoeiing van Gereformeerde kant met die oog op oorheersing (Ibid., p. 43-46), die plantjie vir selfstandige gereformeerde kerke wat in Suid-Amerika met mekaar in kerkverband sou leef, was hiermee geplant.

Dit sou egter nog tot en met die koms van ds. Sonneveldt in 1915 duur voordat die plantjie doelbewus vertroetel sou word en pogings aangewend sou word om dit verder te laat uitgroei. Die kerkraad van die „Gemeente Chubut” (Ibid., p. 49), soos die gemeente genoem is, het ongelukkig tot en met 1907 niks gedoen om die kerklike lewe op 'n hegte en vaste grondslag te plaas nie (Ibid., p. 50-52).

In 1905 is die geleedere van die Afrikaners in Chubut aansienlik versterk deur die aankoms van 'n verdere 320 persone (Ibid., p. 19). Onder hierdie mense was daar 'n aansienlike getal wat aan verskeie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika behoort het (Ibid., p. 185), sodat ons voortaan sowel persone uit die Gereformeerde as Nederduits Gereformeerde Kerke in Chubut sal aantref. Tog het nóg die Nederduits Gereformeerde lidmate, nóg die Gereformeerde lidmate wat met die trek van 1905 gekom het, lidmate van die „Gemeente Chubut” geword (Lidmaatregister; De Bruyn, 1974, p. 51, 188).

'n Tweede geleentheid om die kerklike eenheid onder die Afrikaners te bestendig het met die sending van ds. Jacobs aangebreek. Hy is in 1906 deur die Kaapse Nederduits Gereformeerde Kerk na Chubut gestuur (De Bruyn, 1974, p. 61, 62), waar hy in Januarie 1907 aangekom het (Ibid., p. 83). Kort na sy aankoms is daar op 14 Februarie 1907 'n gemeentevergadering beleë waarop die kerklike lewe in Chubut op 'n hegte grondslag gereël sou word (Ibid., p. 87). Die vergadering wat uit 27 persone bestaan het, van wie 5 Gereformeerdes was (Ibid., p. 189), het met die uitsondering van twee Gereformeerdes wat buite stemming gebly het, besluit om 'n gemeente te stig (Ibid., p. 87, 91, 95), met die identifiserende naam „Gemeente Kolonia Boera” (Ibid., p. 89). Omdat ds. Jacobs (Ibid., p. 204), soos ook later ds. J.J. Wasserfall, die geldigheid en selfstandigheid van 'n gemeente wat deur 'n Gereformeerde predikant met Nederduitse Gereformeerde lidmate gestig is, totaal ontken het (N.G.K.A. -- Kaapstad, G. 80, 10/1; Wasserfall, 1928, p. 36), moes daar noodwendig 'n herstigting van die „Gemeente Chubut” plaasvind (de Bruyn, 1974, p. 93). 'n Mens kan egter nie anders as om in hierdie optrede en beredenering, spore van kerkisme te bemerk nie. Sou daar egter in geslaag word om al die Afrikaners, spesifiek die Nederduits Gereformeerdes en die Gereformeerdes, in die gemeente te betrek en met watter kerke sou die

kerk verband vind? Dit was juis die kwessie van kerkverband wat sou meebring dat kerklike eenheid onder die Afrikaners in Chubut op die stadium nie verkry kon word nie, want met 'n meerderheid van 16 stemme is op genoemde gemeentevergadering besluit om die gemeente by die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Kaapkolonie te „affilicer” (Ibid., p. 89, 90).

Hierdie voorstel het die Gereformeerdes onmiddellik in 'n baie moeilike posisie laat beland, want dit het, soos 'n skrywer dit gestel het, neergekom op „samesmelting” (Luckhoff, 1926, p. 28). Deur die aanvaarding van hierdie „affiliasie besluit” sou hulle dus volwaardige lidmate van die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Kaapkolonie word. Hiertoe was hulle nie sonder meer bereid nie. Daarom wou die Gereformeerdes deur middel van die volgende voorstel naamlik, dat „*Deze vergadering bestaande uit leden van de Geref. en Ned. Geref. Kerken Zuid-Afrika, besluit met het oog op eensgezindheid een zelfstandige Kerk liet te laude te stichten – zuiver Gereformeerd, d.i. in de algemene zin van het Woord – zonder konnektie, met die verstande zo spoedig mogelijk verband te zoeken by de een of ander zuiver Gereformeerde Kerk*” (de Bruyn, 1974, p. 89, 90) 'n wysiging in die affiliasiegedagte probeer meebring. Hulle kon egter nie daarin slaag nie. Die gevolg was dat slegs twee Gereformeerdes, te wete P.H. Henning, latere skoonvader van ds. Jacobs, en T.J. van der Walt en hulle gesinne, by die Nederduits Gereformeerde Kerk aangesluit het (Ibid., p. 97).

Die res het geweier om aan te sluit, nieeenstaande die feit dat hulle versoek is om dit te doen (Ibid., p. 193, 205).

Die Gereformeerdes het hulle geheel en al onttrek aan die bediening van ds. Jacobs (N.G.K.A. – Kaapstad, G. 80, 10/1, p. 56; de Bruyn, 1974, p. 193–218). Voortaan sou hulle hul vir geestelike bearbeiding na Buenos Aires wend (Ibid., p. 210). Daar het hulle dan ook in verbinding gekom met 'n sekere dr. Van Lonkhuijzen, 'n Nederlandse predikant wat in 1908 die Gereformeerdes in Argentinië kom besoek het. Dadelik het hulle aan hom 'n versoek gerig om ook hulle te kom besoek en „te orden” (Ibid., p. 211).

Weens omstandighede kon dr. Van Lonkhuijzen hulle egter nie besoek nie (de Bruyn, 1974, p. 211, 212), maar het skriftelik aan ds. Jacobs gevra „*om zich met ons (bedoelende die bestaande gereformeerde Kerke in Argentinië) op grond van de Gereformeerde belijdenis en Dortsch. Kerken orde zich te verenigen, en zoo hy het niet doet, dat de Gereformeerden aldaar zich selfs tot een Gemeente organiseeren*” (Ibid., p. 212).

Hoe jammer dat daar nie sonder meer op die uitnodiging positief gereageer kon word nie. Indien die uitnodiging opgevolg kon word, kon die gemeente in Chubut reeds in verband getree het met die Gereformeerde Kerke van Buenos Aires, Tres Arroyos en Rosario.* Om in kerkverband met genoemde kerke te staan, sou in elk geval minder probleme opgelewer het as om met die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonië te „affilieer”. Hierdeur sou die kerklike verdeeldheid wat vir soveel jare die uitbreiding van Gods Koninkryk in Argentinië sou strem, onmiddellik tot ’n einde gekom het.

Wat dr. Van Lonkhuijzen se gedagte met die tweede deel van sy versoek aan ds. Jacobs was, is moeilik te begryp. Wat dit ook al was, daarvan het niks tereg gekom nie (Ibid., p. 213).

Die Gereformeerdes se verlange na ’n selfstandige Gereformeerde Kerk in Chubut sou egter nog moes wag tot 1912. In 1910 het die Gereformeerde Gemeente van Buenos Aires ’n predikant gekry in die persoon van ds. A.C. Sonneveldt (Notule, 20 Des. 1910). Die Gereformeerdes in Chubut het onmiddellik met hom in verbinding getree en in 1911 reeds ’n uitnodiging aan hom gerig om hulle te kom besoek (Sonneveldt, 20 Jan. 1932).

Op dié versoek het ds. Sonneveldt gunstig gereageer en in 1912 na Chubut vertrek. Tydens die besoek het hy die „Gereformeerde Kerk Chubut” geïnstutueer (Sonneveldt, Julie 1930).

Voortaan sou daar dus twee kerke onder die Afrikaners in Argentinië bestaan, te wete die Nederduits Gereformeerde Kerk Chubut, en die Gereformeerde Kerk Chubut.

Na die terugkeer van ds. Jacobs in 1910 het die „Kommissie vir Hulpbehoevende Gemeentes” besluit om nie weer ’n predikant na Argentinië te stuur nie (de Bruyn, 1974, p. 170). Die besluit sou ’n nuwe periode in die kerkgeskiedenis van die Afrikaners in Argentinië inlui.

Na die vertrek van ds. Jacobs het ouderlinge C.J.N. Visser met ds. L.P. Vorster in verbinding getree vir hulp en raad met betrekking tot geestelike bediening aldaar (Tj. van der Walt, 10 April 1925). Ds. Vorster het hom op sy beurt weer na ds. Sonneveldt verwys (Vorster, 20 Maart 1928). Nadat die Nederduits Gereformeerde kerkraad op 28 Feb. 1912 aan ouderling Visser opdrag gegee het om in Buenos Aires ’n leraar te probeer bekom om hulle te

* Op die genoemde drie plekke het daar reeds Hollandse Gereformeerde Kerke bestaan wat saam die Klassis Buenos Aires gevorm het.

kom bearbei (Notule, 28 Feb. 1912), het ook hy met ds. Sonneveldt in aanraking gekom en die versoek aan hom oorgedra. Ds. Sonneveldt wat op die stadium reeds 'n versoek van die Gereformeerdes gehad het om hulle te besoek, het na deeglike besinning oor die kerklike situasie in Chubut besluit om die dubbele uitnodiging op te volg (Sonneveldt, 20 Jan. 1932). Die gevolg van hierdie besoek was dat daar met die oog op die geestelike bearbeiding van die kolonie, op samewerking tussen die twee kerke besluit is (de Bruyn, 1974, p. 231).

Op 'n gekombineerde kerkraadsvergadering, 1 Maart 1913, wat bestaan het uit ampsdraers van sowel die Nederduits Gereformeerde as die Gereformeerde Kerk, is die basis van die samewerking bespreek en vasgelê (Notule, art. 1, 4, 5). Op dieselfde vergadering is daar ook besluit om kollektelyste te laat sirkuleer om 'n tweede besoek van ds. Sonneveldt te verwesenlik en om sy „salaris” te dek (Ibid., art. 9). Daar is verder besluit om 'n kontrak vir 'n periode van twee jaar met hom aan te gaan waarin hy hulle dan elke jaar vir vier maande sal kom besoek (Notule, 10 April 1913 en 13 Aug. 1913).

Ds. Sonneveldt het hom dit laat welgeval en 'n tweede besoek in 1914 aan die kolonie gebring wat 16 weke geduur het (Sonneveldt, Julie 1930). Pas na afloop van die besoek is daar op 14 Mei 1914 op 'n „Speciale gesamenlijke kerkraadsvergadering” eenparig besluit om ds. Sonneveldt as herder en leraar te beroep vir 'n tydperk van 5 jaar (Notule, 14 Mei 1914, art. 1 tot 5), teen 'n „salaris” van 2500 pesos per jaar*

Aangesien ds. Sonneveldt se kontrak op hierdie stadium met Buenos Aires verstreke was, sou hy eers met verlof na Nederland vertrek (Sonneveldt, Aug. 1930). Gretig is daar in Chubut op 'n antwoord gewag. In Oktober 1914 is die blye tyding ontvang dat ds. Sonneveldt besluit het om die beroep daarheen op te volg (Notule, 6 Jan. 1915, art. 1; Kerkraad, 9 Jan. 1915).

Op die 8ste April 1915 het hy en sy gesin veilig in Comodoro Rivadavia aangekom (Sonneveldt, 1916). Met groot blydskap is hulle deur die kerkraad ontvang. 'n Adres is namens die kerkraad en gemeente aan hulle oorhandig en Ps. 134: 3 is hulle as seënbede toegesing (Ibid.).

So het ds. A.C. Sonneveldt se arbeid onder die Afrikaners in Argentinië 'n aanvang geneem. Die twee kerklike institute sou voortaan op mekaar aangewys wees met betrekking tot hulle geestelike versorging.

* Een Peso was ongeveer 18 sent.

Hoe sou die samewerking ontwikkel?

Sou kerklike eenheid onder die Afrikaners in Chubut hieruit gebore word?

In watter kerkverband sou die gemeentes opgeneem word?

Op die vrae sal alleen die geskiedenis van die kerke gedurende die jare 1915 tot 1954 ons 'n voldoende antwoord kan gee. In die volgende bladsy gaan ons poog om die antwoorde op te diep en helder te omlyn.

